art.b
the arts association of bellville
die kunsvereniging van bellville
umbutho wemisebenzi yezobugcisa ebellville

JAARVERSLAG: 01/01/2014 to 31/12/2014

artb Komitee: 2013/2014

Clare Menck - Voorsitter

Juria Le Roux - Vise-Voorsitter

Anne Wells - Tesourier

Brahm van Zyl

Tiaan van Deventer

Mzi Funo

Rosemary Eberhardt

Galerybestuurder: Hetta Pieterse

Die jaar 2014 het begin met onsekerheid oor die toekoms van die galery en die betrokkenheid van die Departement van Kuns en Kultuur. As gevolg hiervan kon geen definitiewe jaarplan beplan word nie. ‘n Vergadering met Mnr Minty is aangevra en op 26 Maart 2014 het die komitee saam met Mnr Minty en Ria Briers van Kuns en Kultuur, vergader. Mnr Minty het ons die versekering gegee dat die galery steeds onder die beskerming van Kuns en Kultuur sal voortbestaan, maar sy begroting maak nie voorsiening vir besteding aan bestaande galerye nie, totdat dieselfde fasiliteite aan voorheen minderbevoorregte gebiede verskaf kan word nie.

Die Departement huur die galery van Biblioteekdienste en die kunsvereeniging kan steeds die spasie gratis benut, maar onderhoud, bestuurskoste en salarisse sal deur die galery self gedra moet word. *Gemeenskapsdiens moet prioriteit geniet*.

Die Departement van Kuns en Kultuur het ingestem om ‘n ooreenkoms op te stel om te verseker dat die vereeniging die spasie vir ten minste tien jaar sal kan benut. Verteenwoordigers van die Kunssentrum, artb galery, die Biblioteek en die Departement van Kuns en Kultuur is versoek om met
Peter Strumpher van die Departement Eiendomsbestuur, Stad Kaapstad, te vergader om te besluit watter punte in ‘n ooreenkoms gedek moet word. Ons is meegedeel dat ‘n ooreenkoms eers tussen die Departement van Kuns en Kultuur en Biblioteekdienste gesluit moet word, voordat enige ooreenkoms met die komitees van die Kunssentrum en Kunsgalery geformaliseer kan word. In Oktober 2014 is Louise Ing

aangestel as Hoof: *Kulturele Ruimtes.* Ooreenkomste is nog nie geformaliseer nie, maar die saak geniet tans aandag.

SAMEWERKING EN ONDERSTEUNING:

Ons het goeie samewerking ontvang van die Biblioteekbestuur en die Kunssentrum en ons kon toerusting en ruimtes onderling benut indien nodig soos bv. 'n glasuitstalkabinet vir 'n uitstalling, ekstra stoele en tafels, tafeldoeke en breekgoed.

Biblioteekpersoneel was ook behulpsaam met die telling van beoordelaarstemme by die Vulekakompetisie om dit totaal objektief te maak. Ons het ook goeie ondersteuning van algemene biblioteekpersoneel en sekuriteitsbeamptes ontvang. Die galerybestuurder kon hulp verleen by opleidingsessies wat tydens skoolvakansies deur die bibliteel aangebied word vir jong volwassenes as deel van 'n gemeenskapsprojek. Die ondersteuning en hulp van die Departement van Kuns en Kultuur het vooruitbeplanning moontlik gemaak..

AKTIWITEITE GEDURENDE 2014:

Musiek in the galery is deur Lemvia Viljoen op die volgende datums gereël:

23/02 /2014, 25/05/2014 and 28/09/2014

Toastmasters International het die galery op 25/03/2014 gehuur vir 'n Area-toespraakkompetisie waaraan vier klubs deelgeneem het, sowel as 'n Divisie-toespraakkompetisie vir al die klubs in die divisie wat op 16/04/2014 plaasgevind het. Die Tygerberg Toastmastersklub en Stellenbosch toastmastersklub het op 26 November 2014 'n gesamentlike vergadering in die galery gehou.

Die 25ste Verjaardag van die Biblioteeksentrum het in November plaasgevind. Op die 20ste November is die verjaardagpartytjie in die galery bygewoon deur gewese en huidige personeel van die Biblioteeksentrum, die Kunssentrum en die galery.

UITSTALLINGS GEDURENDE 2014:

1. Die bo 60's se uitstalling wat voorheen in die voorportaal van die biblioteek gehou is, is vir die eerste keer verskuif na die galery en die opening het plaasgevind op die 14de Januarie. Ons het 200 inskrywings gehad. Baie mense het die uitstalling bygewoon en ons het tien skilderye verkoop.
2. Studente van die Kunsgalery het ook vir die eerste keer hul werk in die galery uitgestal vanaf die 29ste Januarie tot die 10de Februarie. Studente was baie in hul skik met die blootstelling.
3. Die lede se uitstalling is op 19 Februarie geopen en het op 14 Maart geëindig.
4. Op 16 April het 'n fotografiese uitstalling van die welbekende fotograaf, Gunther Komnick, geopen. Die uitstalling se tema was: " Cape Town Memories of the Sixties." Hierdie uitstalling is deur baie lede van die publiek besigtig en dit het ook fotografie-studente van verskeie kolleges getrek. Een van die foto's en heelwat van sy boeke wat al die foto's op die uitstalling bevat, is verkoop.
5. Die sewe-en-twintig beste Chinese fotograwe en die Suid-Afrikaanse Fotografiese vereeniging het albei die 80 beste foto's van die jaar uitgekies om uit te stal vanaf 17 tot 31 Mei. Elf van die Chinese fotograwe sowel as verskeie genooide gaste en fotograwe van Kaapstad, het die opening bygewoon. Hulle was sodanig beïndruk deur die galeryruimte, die manier waarop die foto's deur Anne Wells en

Jeanine Bresler gehang is en ook die diens wat hulle in die galery ontvang het, dat hulle reeds die ruimte vir 2015 bespreek het in plaas van die uitstalling te verskuif na China.

6. Die keramiekkunstenaar, John Bauer, het ingetree toe ons in Junie ‘n kansellasie gehad het. Hy het die lede van die Keramiekvereeniging betrek om te help met fondsinsameling vir die galery. Hy het ‘n sterk verbintenis met die galery omdat dit die eerste plek was waar hy sy werk uitgestal het. Die opening op 4 Junie is baie goed bygewoon en almal het dit geniet. Verskillende kunstenaars is uitgenooi om tydens die opening te skilder. Theo Paul Vorster het ‘n portret van John Bauer gedoen met sy kenmerkende lino-snywerk.
7. Om fondse in te samel is ‘n uitstalling van klein skilderye, genaamd *‘Tiny Treasures’,* georganiseer. Ons het ‘n oorweldigende reaksie gehad as gevolg van advertering op Facebook. Meer as 100 kunstenaars het deelgeneem en ons het 620 klein skilderye ontvang. Kunstenaars van so ver as Pretoria en Durban het as lede aangesluit om te kan deelneem. Die uitstalling was baie suksesvol en ons het dit waardeer dat welbekende kunstenaars bereid was om hul skilderye teen verlaagde pryse te verkoop. Die administrasie en hang van hierdie uitstalling was ‘n reuse taak maar beide die kunstenaars en die publiek het gevra dat dit herhaal word.
8. Clare Menck was die kurator van die uitstalling “Naak” wat op 6 Augustus 2014 geopen is. Ons het uiteenlopende reaksies van die publiek gehad, maar die uitstalling het welbekende kunstenaars van heinde en ver ingesluit.
9. Die jaarlikse “Vuleka ” kompetisie het op 17 September geopen. Eenhonderd-drie-en-sestig inskrywings is ontvang. Die uitstalling het baie komplimente uitgelok omdat dit van ‘n hoë standard was. Vyf beoordelaars is gevra om onafhanklik van mekaar te beoordeel om ‘n objektiewe resultaat te verseker. Die eerste prys van R 20 000 is geborg deur Conrad Theys en in die toekoms sal dit bekend staan as “*Die Conrad Theys Prys”*. Die tweede en derde prys van R 5 000 and R 3 000 onderskeidelik, is geborg deur artb galery. “The Framed Feather” het ‘n addisionele prys van kunsmateriaal ter waarde van R 1000 en twee ter waarde van R500 geborg.

   Wenners van Vuleka:

Eerste plek:	-	Henri Le Riche met ‘Kliptafels’
Tweede plek	-	Rae Goosen met ‘Silent Obscurity’
Derde plek	-	Miske Amien met ‘Reflection’
Vierde plek	-	Helen Wells met ‘Daydream sequence’
Vyfde plek	-	Chris Denovan met ‘Kouros’
Sesde plek	-	Corma Laubscher met ‘Kreatuur’

   Beoordelaars:

Emma Willemse	-	Unisa
Ernestine White	-	Isiko Nasionale Kunsmuseum – Kontemporêre Kuns
Willie Bester	-	Beeldhouer
Tiaan van Deventer	-	Dosent in Fotografie, Prestige College
Andries Gouws	-	Skilder/Filosoof

10. Vanaf die 20ste tot die 31ste Oktober het die eerste- en tweedejaar fotografiese studente van Prestige College hul jaarlikse uitstalling gehad en dit is baie goed ontvang deur die publiek.
11. Brahm van Zyl was die kurator van ‘n landskapuitstalling genoem *‘Land*’ wat vanaf 5 November tot 15 Desember geduur het. Verskeie welbekende landskapkunstenaars het deelgeneem. Die uitstalling was van hoogstaande gehalte en die publiek is baie beïndruk.

12. ‘n 3-D Boekbeeldhou-uitstalling is gehou in samewerking met die ‘Vriende van die Biblioteek’en die Kunssentrum, om saam te val met die Biblioteek se 25ste verjaardag. Ou ensiklopedia is deur die biblioteek verskaf en ons was verbaas oor die wonderlike reaksie. Sewe beoordelaars is gevra om individueel te beoordeel. Hetta Pieterse het al die inskrywings in die vestibule van die galery uitgestal. Die publiek, deelnemers en beoordelaars was baie in hul skik met die uitsstalling en ons het verskeie versoeke ontvang om dit te herhaal. Die eerste prys van R6000 is deur ‘Die vriende van die biblioteek ‘geborg, en is deru Monique Day-Wilde gewnd met “*Inflorescence”* . Tweede prys van R2000 is geborg deur die Kunssentrum en gewen deur Karlien Krige met “E*ncrypted” en* die derde prys van R500 is geborg deur artb en The Framed Feather. Hierdie prys is gewen deur Bianca BesterMet *“Paris and the Dragon”.* Die opening op 19 November is ook deur artb galery geborg.

Beoordelaars:

Fransonette Swart	- Hoof van Tygerberg Kunssentrum
Johan Coetzee	- Skilder
Hugo de Villiers	- Kunsonderwyser, SACS Hoërskool, Kaapstad
Theo Paul Vorster	- Lino-sny kunstenaar
John Bauer	- Keramiekkunstenaar
Theo Kleynhans	- Kunstenaar, multimedia
Naomi Takomoto	- Sweedse kunstenaar

LEDE:

Ons ledetal is vanaf 88 in 2013 verhoog na 198 in Desember 2014

Die Vereeniging is steeds ‘n lid van SANAVA en dit stel lede wat vir 2 jaar aktiewe lede was, om aansoek te doen vir ‘n 3 maande lange besoek aan die Cité in Parys. Die vereeniging dra jaarliks R15 per lid by aan SANAVA.

ERKENNINGS:

1. Die werk van al die lede van die komitee sonder wie se hulp en bydrae die galery nie kan voortbestaan nie, word baie waardeer.
2. Die galerybestuurder, Hetta Pieterse, wat uit haar pad gegaan het om die galery se werksaamhede glad en effektief te laat verloop.
3. Conrad Theys vir sy borgskap vir Vuleka oor die afgelope 5 jaar en die belofte van nog ‘n borgskap vir 2015.
4. Vriende van die biblioteek vir die borgskap van R6000 vir die 3-D boekkompetisie.
5. Die Kunssentrum vir hul borgskap van R2000 vir die 3-D boekkompetisie.
6. Ilse Nieman, eienaar van “The Framed Feather”en haar man Hugo de Villiers vir borgskap van verskeie pryse vir kompetisies . Hulle het ook die doeke vir ‘Tiny Treasures’teen ‘n spesiale prys aan lede verskaf. Hugo het ook ekstra hulp verleen waar nodig.
7. John Bauer, keramiekkunstenaar, vir sy pogings tot fondsinsameling.
8. Alle vrywilligers wat die galerybestuurder gedurende die jaar bygestaan het: Dina Burger, Marguerite Craill, Haydee Breganski, Thea Lombaard en al die lede wat tydens die verkope van Tiny Treasures behulpsaam was: Peter Pitt, Carl Prinsloo, Anet Louw, Eric Pretorius en Ronnie de Wit. ‘n Spesiale word van dank aan Fanie Marais wat die kantoor help beman het wanneer dit ookal nodig was.
9. Die Biblioteek wat boeke geskenk het vir die 3-D boekbeeldhou-kompetisie.
10. Die Departement van Kuns en Kultuur vir die gebruik van die galery en hulp en steun.

11. Bellville Biblioteeksentrum vir ondersteuning en samewerking tydens alle aktiwiteite in die galery.
12. Al die beoordelaars van Vuleka en die 3-D Boekbeeldhoukompetisie.
13. Riaan Williams, ‘n geleentheidswerker wat in die afwesigheid van ‘n skoonmaker gehelp het met skoonmaak en algemene swaar werk, asook beligting en sekuriteit.
14. Sekuriteitspersoneel Pikkie de Vries en Zinia Poole vir sekuriteit te alle tye.
15. Ons bedank alle lede wat gehelp en/of deelgeneem het aan uitstallings.

.